

Vrydag 11 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 19:1–12

Fokusgedeelte: Handeling 19:11
(Direkte Vertaling)

God werk kragtig ... deur mense!

Die apostel Paulus het al reisende gelowiges besoek en versterk. In Efese kan hy weer sendingwerk doen. Inderdaad! Vreemdelinge in Efese! 'n Hele dosyn middelveld-volgeling, volgeling tussen Johannes die Doper en Jesus, word gedoop en ontvang die Heilige Gees.

Vanuit die sinagoge preek Paulus vir drie maande lank en probeer die mense oortuig van die Koninkryk van God. Hardkoppigheid en weerstand teen die leer van Christus dwing Paulus tot afstigting met die nuwe vergaderplek die lesingsaal van 'n sekere Tirannus vanwaar die Blye Boodskap twee jaar lank oor die hele provinsie Asië versprei is.

God het deur Paulus besonder kragtige daade (letterlik: ongewone wonderwerke) gedoen, wat herinner aan die vrou wat genees is omdat sy aan Jesus se klere geraak het (Mark. 5:27, 28) en die genesende krag van Petrus se skaduwee in Jerusalem (Hand. 5:15).

Ons het gehoor van die uitdagings aan die nuwe gelowiges en die apostel Paulus in Efese, asook die geweldige invloed wat van hulle uitgegaan het. In Artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat die kenmerke van die ware Christen is dat "ons die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het, die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en ons naaste liefhet ... ons erken ons swakheid en daarom stry ons deur die krag van die Heilige Gees ons lewe deur daarteen, terwyl ons altyd weer ons toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van ons Here Jesus Christus in Wie ons deur die geloof in Hom vergewing van ons sondes ontvang het."

Gelowige oorgawe is die voorwaarde vir diensbaarheid. Getuig u lewe daaglik van die kragtige werking van God?

Sing: Psalm 33-1:6

Ds. S Hibbert (Simon) (Emeritus)